# BOEKBESPREKING

Ds. A. D. Pont: *Nicolaas Jacobus van Warmelo* (1955).

Hierdie boek is die proefskrif waarmee ds. A. D. Pont in Junie van hierdie jaar aan die Ryksuniversiteit van Utrecht die graad van Doctor in die Godgeleerdheid behaal het. Dit is 'n voortreflik stuk werk, en getuig van die skrywer se bekwaamheid om in argiewe nasporings te doen en sy vondste selfstandig te bewerk. Daar sou miskien gesê kan word dat daar meer kere oor ds. Van Warmelo geskryf is. Dit is waar, maar wat afsonderlik tot dusver oor hom geskryf is, is populêre sketse. Dr. Pont het die bestaande gegewens opnuut en selfstandig bewerk, het 'n eie blik op die dinge en bring baie nuwe gegewens te voorskyn. Dit bevat die belofte van nog meer uit die pen van dr. Pont, dinge wat hy aanroer en wat hy noem as onderwerpe wat in selfstandige verder ondersoek vereis, soos die kwessie van die Gemeente Lydenburg in die jare 1855—1866, waar nog verskillende probleme op 'n nadere bestudering wag, en ook die vraag na die regsbevoegdheid van die Prokurasiekommissie 1889—1894. Ds. Van Warmelo het geweier om, soos baie mense wat aanvanklik met die kerkvereniging mee gegaan het, die pad wat deur die Prokurasiekommissie oopgemaak is, te gebruik om weer uit die Vereniging uit te tree. Vir sy gevoel het die Prokurasiekommissie nie die nodige regsbevoegdheid gehad nie. Hy wou 'n hofuitspraak hê oor die vraag of die kerkvereniging wettig was of nie. Dr. Pont is die persoon wat 'n kerkregtelike studie behoort te maak en te publiseer oor die juridies wettelik handelwyse van Lydenburg wat hom eers van die Kerk van die Republiek losgemaak het, in 1864 terug gekom het, en in 1856 hom weer afgeskei het; as ook oor die regsbevoegdheid van die Sinode en Gemeentes van die Ned. Herv. of Geref. Kerk vanaf 1885, en van die Prokurasiekommissie. Dr. Pont is in hierdie probleme geinteresseer en ons hoop hy pak dit spoedig aan. Daar is nog baie onbewerkte materiaal in verband hiermee beskikbaar.

Een van die stellings van dr. Pont is dat dit nie juis is om ds. Van Warmelo as 'n verteenwoordiger van die liberale teologie te tipeer nie, en in sy boek het hy dit voldoende bewys.

Ons is bly, baie bly dat dr. Pont hierdie onderwerp vir sy proefskrif geneem het. Hy het hiermee die geleentheid gehad om hom goed in te werk in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis van die negentiende eeu, en meer nog, hy het 'n goeie bydrae gelewer tot die vermeerdering van ons kennis daarvan.

Op een ding wil ons nog veral wys. 'n Lewensbeskrywing van ds. Van Warmelo kan so maklik op 'n anti-klimaks uitloop, omdat sy lewe so tragies geëindig het. En tog, dr. Pont laat dit met 'n klimaks eindig: hy gee aan die slot die toespraak wat generaal Piet Joubert by sy graf gehou het. Dit laat die leser in die gees met 'n mate van bewoënheid by die graf stil staan.

Om te eindig: dr. Pont word hartelik gelukgewens met hierdie bekwame en deeglike studie, en ons hoop hy sal nog baie bydraes lewer tot die kennis van ons kerklike verlede, ook oor die periode 1885—1893, want soos hy tereg in sy inleiding opmerk, bestaan daar nog nie 'n omvattende studie hieroor nie. Daar is baie materiaal voorhande wat op bewerking wag. Om dit te kan doen moet mens nie alleen oor die nodige historiese kennis beskik nie, maar ook oor die nodige teologiese kennis, en kerkregtelike kennis, en dit ontbreek dr. Pont nie.

S. P. ENGELBRECHT.

September 1955.

* * *